

ST. EFREM

9 JUNIE

(306-373)

Hierdie merkwaardige man, wat vandag as Kerkleeraar vereer word was 'n diaken, digter en komponis. Hy was 'n meester van die Siriese taal en staan onder die Christene van die Midde-Ooste bekend as die *Harp van God*. Hy was een van die eerste Christene om die krag van die digkuns en musiek in span vir die verkondiging van die Evangelie. Sy gesange word vandag nog in die Siriese Kerk gesing.

